## Die onreg teenoor Jopie Fourie

Deur dr. D.F. Malan.

Op 4 Augustus 1914 stop iemand wat in ‘n Graaff-Reinetse straat haastig agter my aangekom het, my voor die huis van ouderling Muller, en deel my mee dat daar oorlog uitgebreek het. Dit was die Eerste Wêreldoorlog, en weinig kon ek toe besef watter diep ingrypende en verreikende gevolge dit sou hê, vir die hele Suid-Afrika, en ook hoe dit aan my eie lewe ‘n nuwe wending sou gee.

In alle opsigte was dit die begin van ‘n nuwe periode.

Onmiddelik het dit onder die Botha-Smuts-leuse van “eer en plig” Suid-Afrika aan Engeland se kant in die oorlog ingetrek. Daarby is deur die gebruik van ons Verdedigingsmag om Duits-Suidwes-Afrika in te val, dwang uitgeoefen op ‘n geslag wat slegs twaalf jaar tevore ná ‘n langdurige en bittere stryd vir vryheid en vir reg teen dieselfde Engeland hul republikeinse onafhanklikheid moes prysgee.

Die herinnerings en die wonde was nog vars.

Hierdie beleid, wát op ander gronde ook al ten gunste daarvan aangevoer kon word, was om die minste daarvan te sê, onmenskundig, en as sodanig uit gesonde politieke oogpunt beskou, ook verwerplik. Om te vergeet, in so ‘n korte tyd, was op sigself al onsielkundig en onmoontlik, maar om die oorwonnene en diep verontregte ook nog te dwing om die oorweldiger te gaan help in ‘n stryd sesduisend myl ver, en wat, soos dit beskou was, hóm alleen aangaan, was onmenslik.

Begryplikerwys was daar verontwaardiging. Innerlike protes het oorgeslaan in uiterlike, en toe dit die vorm van ‘n “gewapende protes” aanneem, waarmee drie van die beroemdste Boeregeneraals uit die Tweede Vryheidsoorlog hulle vereenselwig het, te wete De la Rey, De Wet en Beyers, het die Botha-Smuts-regering self ook sy troepe begin mobiliseer.

Onder die protesterendes was onder andere ook kommandant Jopie Fourie van De Wildt, wat hom by die kommando’s in die veld gevoeg het onmiddelik ná die woeste tonele waarmee genl. Beyers, wat kort tevore as Kommandant-generaal bedank het, in Pretoria se Stadshuis begroet was. ‘n Botsing met regeringstroepe het plaasgevind en Jopie Fourie is gevange geneem en in Pretoria voor ‘n krygsraad gebring.

Op daardie tydstip was ek weer in Pretoria. Die doel van my koms was geen politieke nie, maar kerklike. Maar in ‘n ernstige krisistyd soos dié waarin die Afrikanervolk toe verkeer het, was die twee onafskeidbaar van mekaar.

Die krisis op die één gebied is gevolg deur ‘n krisis op die ander.

Die verloop van sake sover as dit my betref, was as volg:

Ds. A.F. Louw, wat op Graaff-Reinet waargeneem het vir my kollega ds. P.K. Albertyn, wat afwesig was op ‘n reis in Europa, kry ‘n brief van sy broer ds. James Louw, predikant op Boksburg. Dit was vol bekommernis oor die toestand, veral op kerklike gebied. Omdat daar krygswet was, wou hy niks meer

skrywe nie, as net om sy broer op Graaff-Reinet te vra om self te kom kyk, en om my dan ook saam te bring.

Dadelik kon ek egter nie gaan nie, omdat ek as een van die eksaminatore by die proponentseksamen eers daarvoor na Kaapstad moes gaan. Ons maak toe egter afspraak met mekaar om, sodra dit afgeloop sou wees, mekaar op Colesberg te ontmoet, en dan verder saam na die Noorde te reis. Dit gebeur toe ook.

Ons eerste halte was Bloemfontein, waar ons Dingaansdag deurgebring het.

Wat ons hier ontdek het, was eenvoudig onrusbarend.

Volgens mededeling van dr. (Vader) Kestell en ds. Van der Merwe, organiserende en rondreisende Sendelingsekretaris van die N.G. Kerk, was die Kerk besig om te skeur.

Sommige kerkrade was besig om die rebelle onder sensuur te sit, terwyl ander weer dieselfde gedoen het ten opsigte van dié wat teen die rebelle die wapens opgeneem het. In die omstandighede en om ‘n grootskaalse ramp te voorkom, het Vader Kestell geoordeel dat die Kerk as geheel nou moes ingryp en leiding gee. Hoe dit moes geskied, was toe egter nog nie duidelik nie.

Ná ons aankoms te Boksburg vind ons toe dat vrywel dieselfde toestand ook in Transvaal heers. Die drie van ons besluit toe om die volgende dag na Pretoria te gaan, waar ds. James Louw van genl. Smuts persoonlik verlof moes kry om genl. Muller in die hospitaal te gaan besoek.

Genl. Muller was een van sy gemeentelede, ‘n rebel, en kort tevore in ‘n geveg swaar gewond. Daar gekom, het ons reguit na genl. Smuts se kantoor in Paul Krugerstraat gegaan.

Ds. James Louw het eers sy versoek aan die Minister voorgelê, maar dit is kortaf geweier.

Daarna het genl. Smuts die woord geneem en teenoor ons gekla dat die Afrikanervolk van inbors en gedaante heeltemal verander het. Hy ken die volk haas nie meer nie.

Ek het gevoel dat die aantyging nie onbeantwoord kon bly nie, en omdat ek as ‘n byna lewenslange kennis van hom vrymoedigheid met hom gehad het, was my antwoord: “Generaal, vir ‘n individuele mens is so ‘n spoedige en radikale verandering miskien wel moontlik, maar by ‘n volk as geheel kan dit nie! Maar mag ek aan u hierdie vraag stel? Waar die volk dieselfde moes gebly het, het u en genl. Botha nie miskien verander nie?”

Met die versekering dat hulle op die weg wat hulle ingeslaan het, sou voortgaan, was die onderhoud dan ook afgeloop. Wat dit beteken het, sou op daardie selfde aand nog duideliker begin te blyk.

As dit blote toeval was – wat ek nie glo nie – dat ek juis op daardie aand, en op daardie uur, in Pretoria was, dan lyk toeval soms waarlik na ‘n wonderwerk.

In ieder geval was die gebeure van daardie aand die begin van ‘n opeenvolging van gebeurtenisse, op kerklike én politieke gebied, wat tot die merkwaardigste gedeeltes van ons volksgeskiedenis behoort. Dit was nie alleen self geskiedenis nie, maar dit het ook geskiedenis gemaak.

Op daardie aand was ek tuis by my vriend Georg Hofmeyr, Sekretaris van Unie-onderwys. Terwyl ons met aandete nog aan tafel sit, kom daar onverwags twee besoekers aan om my te spreek.

Dit was twee gewese medestudente van my aan die Universiteit van Utrecht in Holland, te wete dr. Gey van Pittius, later regter in Transvaal, en dr. Grünberger, toe mediese praktisyn in Pretoria.

Eersgenoemde was die advokaat van Jopie Fourie, gevange rebelleleier, by sy verhoor voor die krygsraad. Die verhoor, so het hy ons toe meegedeel, was reeds afgeloop, maar die vonnis sou eers later uitgespreek word, en volgens sy oortuiging sou dit die doodvonnis wees.

Indien daar dus nog enige kans was om sy lewe te red, dan moes daar dadelik, en wel nog daardie selfde nag, gehandel word, want die tekens was daar dat onmiddellik ná die doodvonnis die teregstelling sou plaasvind.

Hulle het verneem dat ek in die stad was, en hul versoek was dat ek ‘n petisie moes optrek, versoekende dat Jopie se lewe gespaar moes word.

Hulle sou dit daardie selfde nag wyd en syd, en selfs ver buitekant die stad, laat teken om nog die volgende dag (Saterdag) per spesiale deputasie aan genl. Smuts te laat oorhandig.

Ek was gewillig op voorwaarde, egter, dat die plaaslike leraar, ds. Bosman, tot wie se gemeente Jopie behoort het, sy tevredenheid met die voorgestelde reëling te kenne sou gee.

Spoedig was hulle terug met die berig dat ds. Bosman nie alleen tevrede was nie, maar ook begerig was om in die deputasie te dien.

So is die petisie toe opgetrek.

Honderde het die petisie daardie selfde nag nog geteken, en nog baie ander die volgende môre. Daarmee het die deputasie Saterdag-namiddag na Irene, genl. Smuts se woning, vertrek.

Behalwe ek self het die deputasie bestaan uit ds. Bosman, dr. Gey van Pittius, dr. Grünberger, ds. Christie Neethling van Gezina en mnr. Jan Joubert, (parlementslid en seun van wyle genl. Joubert, die Boeregeneraal by Majuba).

Die militêre wag by die uitgang uit Pretoria, by wie ons ons moes aanmeld, het ongetwyfeld genl. Smuts telefonies van ons koms in kennis gestel, indien hy dit nie reeds langs ander weg geweet het nie.

Ons ondervinding was toe as volg:

By sy huis aangekom, meld ons ons aan en vra om met genl. Smuts te spreek. Die antwoord was dat hy nie tuis was nie, maar vir ‘n lang wandeling in die veld uitgegaan het. Ons word nie binnegenooi nie, en besluit toe maar om buite te wag.

Toe ons later vra om mev. Smuts te sien, kry ons tot antwoord dat ook sy nie tuis was nie, hoewel die seuntjie wat buite gespeel het, ons net tevore meegedeel het dat sy moeder binne besig was “om die ‘baby’ aan die slaap te maak” .

Ná ‘n tyd word ons toe weer van binne meegedeel dat ons nie hoef te wag nie, omdat die Generaal nie na sy huis sou terugkeer nie. ‘n Motor het sou hom dan in die veld opgelaai en na Pretoria geneem het. Op ons vraag hoe hulle dit dan te wete kon kom as hy nie eers weer uit die veld na sy huis toe gekom het nie, kon geen verstaanbare antwoord verkry word nie.

Teleurgestel moes ons deputasie toe na Pretoria terugkeer, met die oortuiging ten minste van één lid, te wete myself, dat genl. Smuts wel deeglik in sy huis op Irene was, maar hom opsetlik skuilgehou het. Ds. Bosman het egter onderneem om te probeer om in Pretoria nog daardie selfde aand kontak met hom te verkry.

Soos hy egter later aan ons gerapporteer het, het die kantoor van die Eerste Minister gesê dat dat hy by die Pretoria Club was, waar hy gewoonlik tuis gegaan het, en die Club weer het gesê dat hy by sy kantoor was. Ons was magteloos.

Intussen het ds. Bosman my gevra om vir daardie nag sy gas te wees, aangesien ek volgens belofte die volgende (Sondag) môre die diens vir hom in sy kerk sou waarneem. Ek het ingewillig.

Kort na vyfuur daardie Sondagmôre open ds. Bosman sag my kamerdeur, vertel my dat hy geroep was na die Sentrale Gevangenis, en dat hulle Jopie Fourie toe net doodgeskiet het. Ons was sprakeloos aan beide kante.

Soos ons later verneem het, was daar ten minste één waardige ou weduwee wat die gelyktydige skote van die militêre peloton werklik hoor val het. Dit was die vrou van wyle genl. Joubert, held van die Eerste Vryheidsoorlog en van Majuba.

Alles was toe verby.

Maar in figuurlike sin het daardie skote daarna weerklik in die ore en in die harte van duisende dwarsdeur Suid-Afrika, en het dit bly weergalm dwarsdeur die daaropvolgende geskiedenis van ons volk, beide in Kerk en in Staat.

Toe die daglig daardie Sondagmôre aanbreek, was Pretoria asof in ‘n ernstige skoktoestand bevange. Veral was dit die geval toe deur ds. Chris Neethling, wat die hele nag by Jopie Fourie in sy sel deurgebring het, bekend gemaak is hoe heldhaftig en gelowig daardie veroordeelde die dood in die gesig gekyk het.

Met sy oog op die toekoms van sy volk gerig, het hy onder andere met profetiese blik dit gesê: “Die boompie wat vandag geplant en met my bloed benat word, sal groei en groot word, en heerlike vrugte vir ons volk dra.”

Waar elkeen se gedagte vol was van wat ‘n paar uur tevore gebeur het, en hul harte vol was van weemoed, was die leiding van die diens in ds. Bosman se kerk voorwaar geen maklike taak nie. Bowendien was die situasie uiters netelig. Aan die één kant kon wat ‘n paar uur tevore gebeur het en voorop in almal se gedagte was nie geïgnoreer word nie.

Dit sou van kerkweë ook ‘n ontvlugting gewees het van ‘n dure roeping.

Maar aan die ander kant weer was die toestand uiters ontvlambaar. Enigiets kon gebeur. Gelukkig het ek, soos dit die gewoonte onder predikante is, op reis met my saamgeneem ‘n aantal preke vir die geval dat dit onvoorsiens nodig mag wees. Ek kon dus kies, en die een waarop my keuse geval het, was beslis nie onvanpas nie. Dit was Ps. 29: “God in die donderstorm.”

Woedend, vreesaanjaend, gevaarlik was die losgelate natuurkragte. Onder die voete beef die aarde. In die lug daar bo slaan die Almagtige vlamme vuur uit.

Maar tog: alle rede was daar vir kalmte. In die storm was God! Betekenisvol eindig die psalm dan met dié woorde: “Die Here sal Sy volk sterkte gee; die Here sal Sy volk seën met vrede.”

Ek het geen toepassing op die heersende toestand gemaak nie. Waar alles vloeibaar en selfs ontvlambaar was, was dit ook ongewens. Dit was egter ook nie nodig nie.

In Ps. 29 was daar immers opgeslote ‘n boodskap vir die geleentheid wat iedereen kon verstaan.

……………………

Bron:

Afrikaner Volkseenheid en my ervarings op die pad daarheen; Dr. D.F. Malan; 1959.